

O E S T Y D

Februarie 2017

Geagte Broer en Suster,

Dankie aan elkeen wat finansieël bydra tot uitreik deur sending deur getrou hul Geloofsofferbelofte na te kom. Indien u koeverte vir u Geloofbelofte-offer benodig, kry asseblief by die mobiele inligtingstoonbank by die suidoostelike deur van die kerkgebou. Bydraes kan ook elektronies inbetaal word in die Sendingrekening – ABSA Bank, Rek nr 4049133874.

CORNE DU PLOOY skryf uit FRANKRYK

Nuusbrief Januarie 2017

‘n Geseënde Jaar vir julle almal !

Saterdag 10 Desember het ons saam met die Katolieke Kersliedere op die stadsplein gesing.
‘n Ervaring wat ons weer volgende jaar kan herhaal.

Sondag 18 Desember het ons ons Kersete gehad met die kinders se Kersspele. Ons het ons Kersdiens die 25ste gehad rondom die tema van Lig (Kerk was in die donker en met die aansteek van elke Adventskers is ‘n lig ook aangeskakel.) Die 31ste het ons ‘n ete/speletjiesaand gehad met ‘n middernagdiens.

Die 28ste en 31ste Desember het ons 2 sterftes gehad wat die vreugde van die Nuwe Jaar gedemp het.

8-15 Januarie het ons ons jaarlikse interkerklike (meer evangeliese) gebedsweek (wat ooreenstem met die tradisionele Pinksterbidure in die suidelike halfronde).

18-25 Januarie het ons die jaarlikse ekumeniese gebedsweek tussen Protetante, Katolieke en Ortodokse Kerke. Hierdie jaar is die tekste en oordenkings deur die Duitse Kerke voorberei.

Ons volgende projek is ‘n Bybeluitstalling 13-22 Maart, gemaak van klei. Die plaaslike skole sal hierby betrek word—die Katolieke skool stel alreeds belang. Bid asseblief hiervoor en dat die Stadsraad vir ons ‘n saal tot ons beskikking sal stel.

Op gesinsvlak het ons ook interessante tye beleef: 24 Des het Sebastien sy neus gebreek toe hy en sy broer “bubbles” stukkende geslaan het en hy ‘n hou op die neus gekry het. Hy is uiteindelik 10 Januarie geopereer. Sophie het rugprobleme—wat nou beter is, maar vir ‘n tyd kon sy nie veel gedoen het nie

E-pos 7 Februarie 2017

Die beplanning vir d bybeluitstalling (13-21 Maart) vorder goed :dit bestaan uit 10 bybeltonele gemaak uit klei. Die plaaslike katolieke skool het ingestem om hulle klasse om te beurt na d uitstalling te bring en ook om aan 'n kleiwerkswinkel deel te neem. 195 kinders (145 gesinne) gaan elkeen 'n persoonlike uitnodiging kry. Bid dat d Here hulle harte hierdeur sal aanraak.

Daar gaan ook 'n amptelike opening wees waarheen ons die burgermeester, skoolhoofde, priesters en ander predikante uitnooi.

Ons Algemene Jaarvergadering vind d 12de Maart plaas. Bid dat dit goed sal afloop en dat daar nie "onverwagte stories" sal opduik nie. Daar is bv 3-4 mense in d gemeente wat hewig anti-katolieke is.

Ons diens saam met Katolieke 22 Januarie het goed afgeloop. Die kerk was vol en daar was seker nooit van te vore soveel Katolieke in ons kerk nie ! Verskeie het gesê dat hulle deur d diens aangeraak was en dat hulle 'n nuwe visie op die Protestante gekry het.

Saterdagaand (11 Maart) het ons 'n Valentynsete - 11 paartjies het hiervoor ingeskryf. Ek gaan 'n humoristiese aanbieding vd verskille tussen die brein v 'n vrou en 'n man doen. 😊

Die afgelope 10 dae is 2 ouer lidmate (Roger & Maurice) gehospitaliseer, een met neusbloeding wat nie wil stop nie en d ander een met 'n amper-hartaanval. Bid asseblief vir hulle hulle vrouens en kinders.

Met ons gaan dit goed. So met d winter het ons maar om d beurt verkoues. Sophie het laer rugseer.

Thomas, ons 2de, 11jr, verander v skool volgende jaar (Septembermaand) - college = so iets tussen laerskool en hoërskool. Ons sit hom weer in 'n privaat katolieke skool. Ons beoog ook om ons oudtse, Claire v skool te verander. Die College (publieke skool) waar sy nou is, se standaard is 'n bietjie laag, en d onderwysers is baie afwesig. Sy het minder huiswerk as Sebastien wat 8jr oud is. Die enigste probleem is dat d privaatskool ons 250€ per maand per kind gaan kos. Bid asb hiervoor.

Ons/Ek sou/moet nog op 'n stadium weer RSA toe kom om julle te besoek...

Nuusbrief: September - November 2016

Die warm drukkende hitte het reeds begin, maar ons is vol dankbaarheid vir die heerlike bries wat so gereeld oor ‘radio heuwel’ waai. Maar dis nie al wat teen die heuwel ogewaai kom nie. So rukkie gelede, tewyl ons in die huis besig is, hoor ons iemand luister na Radio Nuru en vind toe uit dat dit iemand op die dorp is wat sy radio so hard aan het dat ons dit hier (+- 2km daarvan) kan hoor. Met ons besoeke in die Makonde dorpies is daar dikwels iemand wat met groot luidsprekers na ons programme luister. Ons is die Vader dankbaar.

Ons het so pas ‘n ‘pastorale’ besoek van een v.d. gemeentes se predikantpaar gehad. Die pastor sê hoedat hulle vir ‘n aantal jare gesukkel het nadat hulle hier begin werk het – die nuwe kerkie kon net nie groei nie. A.g.v. geloofsverskille mag hulle nie eens varkvleis ingebring het nie.

Hy vertel hoe dinge verander het nadat Radio Nuru met hulle uitsendings begin het. Mense het sommer ‘oop’ geword terwyl hulle na die boodskappe geluister het. Hulle het twee huise op vespillende dorpe en hy vertel hoedat beide van sy toegewyde moslem bure gereelde luisteraars van ons Bybel-programme is. Dis lekker om te hoor!

Miernes bedrywighede

Elke dag se werk en skarrel met die aktiwiteite van Radio Nuru hou ons besig, maar hou ook die radio op die lug en luisteraars aan die luister.

Elke dag se ‘playlist’ vir die 6-uur lange uitsending word opgestel, en intussen word daar aan programme gewerk – wat in enige vorderingstadium mag wees, vanaf ‘n idee bedink en evalueer of kontak maak met potensiele bronne, tot die finale afwerking van ‘n program voor uitsending.

Sunette het nuwe mediese program-materiaal ontvang en omskakeling na radio-vriendelike lesse neem baie dae.

Met al die besoekers wat ons ontvang het, kon sy oral persoonlike ‘getuienis’ opneem, wat ons so elke nou en dan tussen ander programme uitsaai.

Die aande se inbelprogramme is steeds seker die gewildste en ons probeer om ‘n verskeidenheid temas te dek. Gedurende die eerste week in November het ons aan elke volksgroep ‘n geleentheid gegee om in te bel en te praat oor die trots van elke groep.

Luisteraars het dit uitsonderlik geniet en so kon elke groep die geleentheid kry om eksklusief deel te neem aan die bespreking. Gedurende die laaste aand, wat aan Makwe en Swahili luisteraars gewy is, het 'n luisteraar in Palma (+-200km hier-vandaan) 'n groep by sy huis laat bymekaar kom en aan almal die kans gegee om deur sy foon met die omroeper te gesels.

Ongelukkig is die Mwani-aand deur die gereelde Makonde inbellers 'gekaap' en Mwanisprekers het na die tyd daaroor gekla dat hulle nie na die ateljee deur kon kom nie (die omroeper moet maar streng wees om die inbellers binne die vasgestelde grense te hou). Ons hoop om in die toekoms weer aan hulle 'n beurt te gee.

Stories uit die Woord

Die opneem van die Bybelstories vorder fluks. Die Kimwani en Simakonde opnames is wel 'n ent agter die ander twee tale, maar 'n storie van hoë kwalitet is belangriker as om te vinnig te wil beweeg. Ons gebruik reeds die Portugese stories in Sondae se uitsendings, en saans, na die inbelprogram, saai ons die Kimwani stories uit. Iemand sê dat mense hulle gesinne bymekaar kry en dan luister hulle daarna terwyl hulle saam om die vuur sit. Bid dat die saad vrug sal dra.

Op 'n vraag van 'n besoekende prediker aan 'n groot groep christene verlede Saterdag, het slegs enkeles gesê dat hulle reeds een Bybelboek deurgelees het. Mense is baie toegewyd, maar lees baie min hulle Bybels. Meeste het slegs 'n oppervlakkige kennis van die basiese geloofswaarhede.

Daar is reeds meer as 800 Bybelstories in die verskillende tale opgeneem. Ons beplan om dit ook vir mense beskikbaar te stel om op hulle fone af te laai. Baie is gretig hiervoor.

Muchante

Ons soek (soos voorheen berig) reeds lank na 'n Kimwani moedertaal spreker wat as omroeper kan optree ... en ons is nog steeds aan die soek. Intussen het ons egter iemand gekry om te help met die Bybelstories in Kimwani.

Muchante het in 2009, met die aanvang van die radiostasie hier gewerk. Ongelukkig het die net van alkoholverslawing, waaruit hy vroeër met sy bekering onsnap het, hom weer vir langer en korter tye vasgevang. Hy het egter nooit weer terug gekeer na Islam nie, en Jesus bly volg. Die opneem en 'editing' van programme neem hom steeds baie lank, maar elke afgehandelde storie is 'n stappie vorentoe en dit beteken vir hom baie om deel van die projek te wees. Hy het ons met tranen in sy oë bedank vir die paar dae wat hy by ons aan huis kon bly. Bid asb ook vir hom.

Evangelisasie besoekers

Vroeer het n YWAM span uit Nampula vir twee weke by ons oorgebly. Die erf was lewendig en raserig – van die spanlede was gesinne met klein kindertjies. Hulle het in die omliggende dorpies uitgereik en die goeie nuus van Jesus Christus aan mense verduidelik. Andries het saam met hulle uitgereik en dit was wonderlik om te sien dat daar 'n openheid by baie mense (veral Makondes) is vir die evangelie. Uit hierdie werk het daar 'n dissipelskap-groepie in 'n volgende dorpie (Licangano) ontstaan. Ons het die span se besoek aan ons ook baie geniet. Boonop het ons ook 'n paar getuienis en stories van hulle vir die radio opgeneem. Bid ook dat die Here dit sal gebruik om mense na Hom toe te trek.

Radio Besoekers

Die afgelope maand of twee was daar weer heelwat besoekers in ons huis. 'n Groepie van die Gereformeerde kerk in Mosambiek se leierskap het ons besoek. Die radiostasie wat destyds in Chiconono, Niassa provinsie, begin is, funksioneer nie op die oomblik nie. Ons kon lekker saam gesels oor wat nodig sou wees om die stasie weer op die lug te kry, en indien dit realiseer, stuur ons van ons Portugese programme vir hulle aan ter aanvulling van hulle programme in die plaaslike taal van die area.

Macomia is gerieflik gelee as 'n oorstaan plek vir mense van die verre Noorde. Die Radio Nuru huis is groot, en dis 'n voorreg om van God se kinders op reis hier te ontvang. So het die Thiarts, plaaslike predikant en ouderlinge op pad na en terug van 'n sinode vergadering hier oorgeslaap, asook ander sendelinge uit Mocimboa da Praia en twee gelowiges vanaf Ibo, op pad na 'n seminaar vir gelowiges vanuit 'n Moslem agtergrond.

Dissipelskapgroepie

Die twee werf-werkers is baie toegewyde manne. Ons bid elke oggend voor werk saam en so het hulle later ook 'n dissipelskap groepie saam met Andries begin. Vicente skakel ook in, en saam gesels ons soms ure lank op Donderdae. Andries geniet dit seker die meeste, maar dit is ons gebed dat hulle ook ander vermenigvuldigings-groepe sal begin.

Landrover

Om sy reputasie gestand te doen, het die Landrover Andries weer vir 'n paar dae op sy kniee en onder die motor-binnegoed besig gehad. Onhandige helpers het soms prosesse van die wal af in die sloot gehelp. Op die oomblik is die aluminiumboks sonder 'n flikkerlig- eenheid en daar is nêrens een in Macomia of Pemba te vind nie.....

Bid asseblief deur ons nuusbrie, maar veral ook vir ons kinders in SA.

Mag jy die seen van die Here in oorvloed ervaar en besig wees in Sy wingerd, waar Hy jou ookal geplaas het.

Nuusbrief: Desember '16 - Janurie '17

Lieve mede-gelowiges,

Ons is alweer pens-en-pootjies binne-in 2017 en ons deel graag weer 'n bietjie nuus met julle.

Kersfeesprogram

Soos in die verlede tydens Paasfees en Pinkster, het ons ook hierdie feestyd gebruik om 'n klompie spesiale programme te maak. Andries het radio gesprekke geskryf oor die kosbare betekenis van Jesus se koms na ons.

Al drie die plaaslike tale is gebruik. Verskillende persone het ingestem om saam met die aanbieders te kom gesprek voer oor die Kersfees temas. Veral van groot hulp was die predikantspaar van die klein 'Afrika wa Yesu' gemeentetjie, wat tussen hulle twee, al drie tale magtig is. Hulle vertel van positiewe terugvoer..

Membra is nie Pemba

Kort na ons vorige nuusbrief het World Outreach kollega, Martin Schumann van Membra in die Nampula provinsie, ons saam met een van die gelowiges daar, per motorfiets besoek. Die gelowige is 'n Makua vanuit 'n Moslem agtergrond en een van Martin se baasstorievertellers. Ons het dus 'n klompie van die Bybelverhale wat hy vertel vir die radio opgeneem, en daar en dan saam besluit om Kersfees in Membra te gaan kuier.

Die de Kruif-gesin is Suid-Afrikaners wat al vir 10 jaar+ in Pemba woon. Arie is die hoof van die melaatse sending in die provinsie, en Marie 'n onderwyseres wat by 'n privaatskool onderrig gee. Op ou Kersdag het ons almal in die kar gespring en die 6 uur lange rit Membra toe aangepak. Dit was 'n heerlike 4 dae se kuier en boonop kon ons nog 'n klomp Bybelstories van 'Baba Inacio' opneem. Baba Inacio, wat baie sleg sien en nie kan lees nie, maar wat baie Bybelstories ken en dit uit sy hart oorvertel.

Luisteraars – 2016 ...

Teen die einde van 2016, het ons op gebruiklike wyse een van die inbel-aande aan evaluasie gewy. Die luisteraars was baie positief oor die jaar wat verby is. Die meeste het gepraat oor die waarde van die interaktiewe programme – die hospitaalprogram, waar siekes in die hospitaal kan laat weet hoe dit met hulle gaan, gemeenskapsnuus – want so weet almal van iemand wat gesterf het en waar/ wanneer om die begrafnis by te woon ens. Een luisteraar het gese Radio Nuru is vir almal – 'Christene, Moslems en heidene'.

Ander het getuig hoe hulle lewens verander het, terwyl ander weer vertel hoe gereelde inbellers al 'n gemeenskap op hulle eie geword het. As hulle deur mekaar se dorpies reis, soek hulle mekaar op en slaap selfs by mekaar oor. Tog is dit opmerklik dat hierdie 'radio gemeenskap' meestal Makonde luisteraars is. Dis vir ons 'n vreugde dat hulle so getrou

luister en deelneem. Al is daar ook ander wat luister en deelneem, sou ons egter graag ook meer luisteraars vanuit die ander volksgroepe wou he. Julle kan gerus hiervoor bid..

.... Omroepers 2017

Venancio het middel Desember skielik bedank. Hy het sy skoolopleiding voltooi en na Mocimboa da Praia verhuis. Dit het 'n groot leemte hier gelaat. Intussen neem Abilio, wat die Makua en Portugese Bybelstories opgeneem het, in sy plek waar. Hy is egter Makua en nie vlot in Kimwani, wat nog die amptelike taal van die stasie is, nie. Ons droom is om 'n moedertaalspreker vir elk van die 3 taalgroepe te he. Hou dus asb aan bid vir die regte Mwani omroeper, asook vir genoeg fondse om die radiostasie sodanig uit te brei.

Prieska Musiek

Soos met programme, raak 'n mens naderhand ook uitgekuier aan dieselfde musiek in die programbiblioek. Ou gunstelinge sal natuurlik altyd ou gunstelinge bly, maar ons het nuwe musiek nodig gehad. ... en nee, ons het dit nie in die rustige dorpie Prieska in Suid-Afrika gevind nie. Musiek moet aanklank vind by die gehoor van Radio Nuru. Andries se Tanzaniese vriend en besigheidsman op Macomia, het sy dogter, Prieska, wat 'n student in Dar-es-Salaam is, gevra om uit te help. Sy het ons verras met heelwat populêre Swahili 'gospel' musiek.

Die Liefde

Februarie is dit weer tyd vir hartjies en kaartjies vanaf bewonderaars na bewonderdes. Ons het dit goed gedink om 'n reeks oor liefde voor te berei in die verskillende tale. Andries het aan die werk gespring en 'n hele klomp gesprekke is reeds opgeneem met behulp van die Kersfeesprogramhelpers.

Natuurlik kon 'n mens nie anders nie, as om met die Oorsprong van Liefde te begin. Die eerste klompie programme handel oor God se liefde wat so anders is as ons s'n en die verhaal van die verlore seun is so 'n kosbare manier om dit uit te beeld. Elke program neem dae om te skryf, te vertaal en op te neem. Pastor Cinezio is besig om 'n kort reeks oor liefdes-verhoudings in die lokale konteks. Ek het Theo Schumann gevra om my te help skryf aan 'n 'reeks' oor die huwelik.

Gesinsnuus

Van liefde gepraat ... Ons het ons 29ste huweliksherdenking gevier ...ons seun Kobus en Martine trou die 18de Maart. Ons sal natuurlik bly wees as julle vir hulle huwelik ook kan bid.

Markus (ons jongste) ontvang sy graad op 14 Maart.

Carla geniet haar arbeidsterapie by die skool steeds baie, en kry gereeld briefies van dankbaarheid.

Williams

Williams Phiri, van Zambie, het Andries verlede jaar gekontak en gesê dat hy baie graag saam ons kerkplantings-werk wil doen. Hy sluit ook by World Outreach aan.

Na baie maande se papierwerk het hy twee dae gelede uiteindelik hier aangekom. Steeds net met tydelike dokumente. Hy gaan vir die volgende drie maande hier wees, en sal dan daarna vir opleiding moet gaan. Hy het reeds goed ingeskakel.

Suid-Afrika besoek

Soos ons reeds vroeer laat weet het, is dit tyd om familie en vriende op te soek, asook terugrapport te lewer aan ondersteuners oor die werk hier, terwyl ons afgaan Suid-Afrika toe vir Kobus en Martine se troue.

Ons het alreeds 'n klompie afsprake, maar kontak ons gerus as julle wil he ons moet 'n draai maak. Bid asb vir 'n veilige reis en 'n geseende tyd in Suid-Afrika. Julle kan ons via whatsapp (Andries: +258 867439352, Sunette +258 872187023) of e-pos kontak (andriesschwartz@gmail.com ; SunetteSchwartz@gmail.com)

Werfnuus

Die reen was ekstra laat hierdie jaar. Ons het asem opgehou vir ons watervoorraad. Die plaaslike mense is ook baie hierdeur geaffekteer. Voorbereide lande het bly lê en wag vir die reen, en ander wat tydig gesaai het, het hulle saad verloor. Die mangobome se drag was ook laat, maar toe hulle begin lewer, kon ons nie voorbly nie. Ons het emmersvol gedroog en konfyt gekook vir die hele 2017.

Ons is dankbaar. Die eerste reen het geval en ons tenks is besig om vol te loop – insluitend die nuwe tenk wat vir die eerste keer sal water hou..

D.V. sien ons die meeste van julle binnekort van aangesig tot aangesig.

Mag die genade en vrede van ons liefdevolle Vader by julle wees.

LAUDIUM Outreach Group (LOG)

Report on the activities of the ‘Laudium Outreach Group’

January 2017

1. Home Visitation

The members of the Laudium Outreach Group have given their utmost to the Ministry in 2016, and we thank the Lord for the dedication and commitment of each one of the

members during the year that has gone by. Please continue to pray that the Lord would send more “labourers” into this part of His “vineyard”. The “harvest” in Laudium really is “plentiful”, and it surpasses the resources offered by the few volunteer members by far.

On the 28th of January 2017 we had our annual planning meeting, at which it was decided that our ‘modus operandi’ in the Ministry, will remain as it has been in the past – i.e. personal visitations at people’s homes, but that members also had the option to vary it by for instance having a Bible-study at a specific home, depending on how they feel led by the Holy Spirit.

2. Co-operation with Sanker’s Friday-evening Meetings

We, as the LOG-team, have decided to play a much more active role in the Meetings on Friday evenings. The first meeting was held on Friday the 3rd of February, and was led by Rev Victor. Friday the 10th will be Johan Naudé’s turn, and on Friday the 17th Johan Cronje will be arranging a Gospel Film Show there. We would like to thank the Moreletapark DRC for making made their Jesus-film equipment available to us for whenever we need it for evangelism purposes. The ongoing weekly program will be concluded as time goes on.

3. The Bible Distribution Project

We have continued our Bible distribution project, by making Bibles available to the members of Charisma at a subsidised rate. The purchase price of Bibles now are in the vicinity of R40.00 a Bible and we are continuing to make it available at R20.00 – as and when donated funds allow us to do so. We have recently received a further donation from another donor, and Johan Cronje have been tasked to buy another 40 Bibles for distribution.

4. DVD Library

We are still experiencing a lively interest in the activities of the DVD Library, where we keep +/- 40 Christian DVD’s. Our thanks goes to Premisha, who is still keeping a strict control over the DVD library, to make sure that the DVD’s do not find an alternative dwelling place for too long a period of time. Only DVD’s having a clear Evangelical message are utilized, for the purpose of taking the Gospel right into people’s homes. We have now also approved the purchase of five new DVD’s in order to expand the variety in our library.

5. Koinonia

On the 15th of October we had a viable training discussion on Occult Bondage and Deliverance and we also have had our annual closing function, where all the members as well as their spouses and children were involved in a social get-together. It sure was nice to spend some time in having fellowship together.

6. The Ministry Amongst Drug-addicts

It has been some time now that we have been speaking about assisting drug addicts, on a practical basis, to come free from the scourge of addiction. We have had Lydia - a Nursing Sister who works at "Stabilus", a Drug Rehabilitation Centre - working as one of the LOG co-workers for more than a year now. Furthermore, a Professional Councillor, Yolandi Tucker, has volunteered her services, through the Charisma Community Service to the people in Laudium. Yolandi then suggested that we also contact Dr Hanlie Meyer, who has been involved in a Ministry focussed on the rehabilitation of drug addicts for many years, to assist in this new focus area. And as the Lord willed it to be, the morning before we had our LOG planning meeting, a Medical Doctor, Owen Eales, who had spent a number of years as a Mission Doctor abroad, phoned and wanted to know if he could join us in our outreach endeavours. And so another "piece fitted into the puzzle". This same Doctor is also involved with a research group at the University of Pretoria, as well as with the Local Government in Tshwane, on how to effectively combat drug addiction. He was as excited to know about our plans as we were to hear about his.

At the discussion which followed during our Planning Meeting, a broader perspective was added to our initial plans – the idea of having a "support group" for drug-addicts was broadened to also include a "support group" for the parents of drug addicts.

The Professional team, consisting of a Medical Doctor, a Psychologist, a Nursing Sister, a Professional Councillor, a Gospel Minister, Rev Victor Pillay and other role-players would teach the members of LOG as to a practical approach to be followed regarding the outreach to the drug-addicts in Laudium and elsewhere.

We are extremely excited about this new venture, and would like to request our Prayer Partners to intercede for us in this regard. On Thursday the 16th of February, God willing, we will be meeting together for the first time to discuss the way forward.

7. Financial Support

We thank the Lord for the moral and financial support we have received from the DRC Rietfontein, the DRC Moreletapark, the RCA Charisma, the Hatfield Family Church (Northern Campus) as well as a number of individuals who have been supporting the Outreach Endeavours of this Organization. We also want to thank everyone who faithfully pray for us. We really do appreciate your participation in this Ministry and know that Eternity one day will reveal the real "dividends" on your "investment".

Ds Leon Tait vertel oor SENDING SONDER GRENSE (www.mwb-sa.org)

Groot dank aan almal wat so getrou vir hierdie bedieningswerk bid. Vanjaar is die 9de jaar wat ek by Sending Sonder Grense betrokke is deur op Sondae wanneer ek nie by Rietfontein-Suid preek nie, by Afrikaanse gemeentes namens SSG te preek, 'n aanbieding oor SSG se werk te doen en borge vir arm kinders/families te werf.

Dit bly 'n voorreg om op hierdie manier 'n verskil te maak en ook ander (veral NG) Kerklidmate die geleentheid daartoe te gee. Kinders kan nie hulself versorg nie en het volwassenes se hulp en omgee nodig.

Indien u meer wil weet of wil betrokke raak deur bv 'n kind te borg, of u wil hê dat ek by u omgeegroep of bv 'n groep by u werk meer moet kom vertel en wys van hierdie werk wat Sending Sonder Grense doen, is u meer as welkom om my te kontak.

Hier volg 'n bietjie inligting/terugvoering oor van die werk wat SSG doen ten opsigte van hulp aan arm families:

Die Bosyy familie is maar net een van baie gesinne in Oekraïne wat baie moeilike omstandighede beleef, en in wie se lewens **mense soos u** 'n groot verskil kan maak.

Die Bosyy familie is 'n arm gesin wat in 'n klein dorpie woon. Ten spyte van hulle armoede, was hulle 'n gelukkige gesin. Die kinders het albei ouers gehad en het in 'n atmosfeer van liefde grootgeword. Alles het egter een warm Augustusdag verander.

Een van Sending Sonder Grense se koördineerders, Sergiy Soroka, het die familie aan die einde van Julie besoek en hulle in die F2F ("Family2Family") - program ingeskryf. Vasyl (37) en Olena (31) is die ouers van vyf kinders, Mariya (11), Roman (10), Nataliya (7), Mykhaylo (5) en Olexandr (1).

Toe Sergiy egter vir Vasyl aan die einde van Augustus te siene kry, was hy hartseer en Sergiy kon sien iets verskriklik moes gebeur het. Vasyl het hom vertel dat sy vrou in Augustus gesterf het. Olena het longontsteking gehad, maar omdat dit somer was wou sy nie na die dokter toe gaan met haar aanhoudende gehoes nie. Daarby was daar niemand by wie hulle hul jongste kind, Olexandr, kon laat bly nie. Toe sy uiteindelik hospitaal toe is, was dit te laat. Die dokters het vir haar lewe geveg, maar daar was niks wat hulle kon doen nie ... Olena het op 'n warm Augustusdag gesterf, en haar man en kinders is alleen agtergelaat!

Vasyl moes nou, saam met sy eie pligte, al die huiswerk doen. Die moeilikste besluit vir hom was om sy jongste seun aan sy suster se sorg oor te laat. Met al die probleme na sy vrou se dood was die versorging van die kleuter vir hom oorweldigend. Vasyl se suster woon in 'n ander dorp en het haar eie familie, maar sy het onmiddellik aangebied om Vasyl te help.

Die gesin se huisopset is baie swak. Dit is 'n klein, drie-vertrek houthuis. Daar is geen gas in die dorp nie en die mense hou hul huise warm deur hout te brand, want dit is die goedkoopste verwarmingsmateriaal in die streek. Ten spyte van die manier waarop die huis aan die buitekant lyk, is dit baie netjies binne. Daar is nie veel meubels binne nie, net vier beddens, 'n klerekas en twee tafels. Die kinders probeer egter om die huis knus te maak. Die meisies probeer altyd om die huis skoon te hou.

As die oudste seun is Roman verantwoordelik vir hitte in die huis. Dit behels dat hy deurentyd hout moet gaan haal. Die kos word gewoonlik deur Vasyl gekook. Dit was nogal moeilik vir hom om te leer hoe om lekker kos vir sy kinders voor te berei.

Ten spyte van alles, is Vasyl gelukkig, want hy weet dat hy nie alleen met sy hartseer en probleme is nie. Hy weet dat daar, in sowel Oekraïne as in die buiteland, mense is wat vir hom en sy gesin omgee. Vasyl is baie dankbaar vir al die hulp wat hy ontvang van Sending Sonder Grense, **moontlik gemaak deur mense soos u wat lidmaat is van 'n Christelike gemeente**.

Navrae aangaande sendelinge

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kontak die volgende persone wat met spesifieke sendelinge kontak behou:

Ds Corné du Plooy
Sending Sonder Grense
Koerde

Ds Leon Tait
082 601 4235

Ds Hannes Peens (Limpopo)

Stanwin Street
079 525 5695
Carl de Beer
083 443 9256

Mosambiek

Carl de Beer
083 443 9256

Gebedsketting
Laudium

Alet Briers
012-331 1311

Alta Glas

Koenie Goosen
084 652 8773
012 333 5325

Sendinggroete in Christus
Sending (as deel van die nuwe Diensgetuienisbediening)
NG Gemeente Rietfontein-Suid, 16e Laan 615
Tel. 012-331 3531 (Kerkkantoor)

As gevolg van hoë posgeld stuur ons nie meer kwitansies, van inbetalings by sending, outomaties uit nie. Indien u 'n kwitansie van u inbetinging verlang los 'n boodskap by die kerk kantoor of sms 0834439256, en ons stuur vir u 'n kwitansie.

By voorbaat dank, Sending taakspan